

**DEPARTEMENT VAN
OMGEWINGSAKE
EN
ONTWIKKELINGSBEPLANNING
WES-KAAP**

JAARLIKSE PRESTASIEPLAN

2007 – 2008

Kontakbesonderhede

Hoof- Finansiële Beampte
Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
Utilitas-gebou
Dorpstraat 1
Kaapstad
8001

Privaatsak X9086
Kaapstad
8000

Tel.: 021- 483 5128
Faks: 021- 483 3662
e-pos: agaffoor@pgwc.gov.za
webwerf: www.capegateway.gov.za/eadp

PV-nommer: 10/2007
ISBN-nommer: 0-621-36992-6

In die geval van enige teenstrydigheid tussen:
die vertalings van hierdie verslag, geniet die Engelse teks voorrang.

Foto's met vergunning van Die Stad van Kaapstad, Worcester-munisipaliteit, Laurianne Claase, CapeNature, Janice Jackson,
Roger Diamond, Ruth Massey, Lehan Fouché, Dennis Laidler, Richard Cammell and Kate Boyes
Ontwerp en uitleg: Wilfred Jewell Consultancy cc
Drukwerk: Hansa Print

Voorwoord

As die Minister van Omgewingsake, Beplanning en Ekonomiese Ontwikkelings is ek trots om met hierdie portefeuljes geassosieer te wees.

Binne die konteks van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie kan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning as die katalisator vir volgehoue toekomstige ekonomiese ontwikkeling en groei in die Provinsie beskryf word.

Die afgelope paar jaar is gekenmerk deur ontwikkelings en insiatiewe wat nuwe grond gebreek het. Dit sluit die finalisering en implementering van die Wes-Kaapse Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk en verbandhoudende riglyne in, d.w.s. Riglyne oor die Ontwikkeling van Oorde, Riglyne vir Ontspanningsontwikkelings, 'n Groeipotensiaalstudie, Riglyne vir Provinsiale Stedelike Randgebiede, die Implementeringsplan vir Volhoubare Ontwikkeling (IPVO) en die Geïntegreerde Provinsiale Wetsvorming-konsepprojek. In die lig van die omgewingsuitdagings en -bedreigings soos die energiekrisis, wegholbrande, lang droogtetydperke en waterbeperkings is hierdie beleide van besondere betekenis.

Klimaatverandering, wat deur sommige mense aan die optrede van armes toegeskryf word, en die impak daarvan op die omgewing en sy natuurlike hulpbronne is een van die belangrikste uitdagings wat die Provinsie in die gesig staar. Die impak op die armes is egter nog meer vernietigend omdat hulle, terwyl hulle reeds worstel om kop bo water te hou, veranderinge in weerspatrone met droër en warmer weer, 'n tekort aan water en oorstromings te bowe moet kom.

Die fokus vir die 2007/08- finansiële jaar sal dus wees op die konsolidering en implementering van hierdie beleid. Iets wat instrumenteel ter verligting van die benarde situasie van armes sal wees, is die inwerkingstelling van die Implementeringsplan vir Volhoubare Ontwikkeling vir die Provinsie, waarin die responsstrategie en aksieplan vir die klimaatverandering geïmplementeer sal word. Die omgewings- en hersikleringseconomie sal verstewig word deur programme vir bewusmaking en bemagtiging, terwyl die Geïntegreerde Energiestrategie (GES) uitgerol sal word.

Die inwerkstelling van die Implementeringsplan vir Volhoubare Ontwikkeling, wat ook 'n tweedegenerasie-strategie ooreenkomstig die Provinsiale Groei- en Ontwikkelingsstrategie is, kan as 'n keerpunt beskou word. Die aksies van die Departement sal die toekomstige ontwikkeling van die Provinsie op so 'n wyse lei dat almal daarby sal baat en die Provinsie 'n ware "tuiste vir almal" sal word, vanaf die rykste tot die armste.

Tasneem Essop

Minister van Omgewing, Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling

Inhoud

Deel A: Oorsig en bywerkings van strategiese plan

1. Oorsig
2. Ontleding van bywerking van strategiese plan

Deel B: Prestasietekens van programme en subprogramme

3. **Program 1: Administrasie**
 - 3.1 Gespesifiseerde beleid, prioriteite en strategiese doelstellings
 - 3.2 Vorderingsontleding
 - 3.3 Ontleding van beperkings, met beplande maatreëls om dit te bowe te kom
 - 3.4 Beskrywing van beplande gehalteverbeteringsmaatreëls
 - 3.5 Program 1: Administrasie
 - 3.5.1 Spesifisering van meetbare doelstellings en prestasieaanwysers
 - 3.6 Rekonsiliasie van begroting met plan
4. **Program 2: Omgewings- en Grondbestuur**
 - 4.1 Gespesifiseerde beleid, prioriteite en strategiese doelstellings
 - 4.2 Vorderingsontleding
 - 4.3 Ontleding van beperkings, met beplande maatreëls om dit te bowe te kom
 - 4.4 Beskrywing van beplande gehalteverbeteringsmaatreëls
 - 4.5 Program 2: Omgewings- en Grondbestuur
 - 4.5.1 Spesifisering van meetbare doelstellings en prestasieaanwysers
 - 4.6 Rekonsiliasie van begroting met plan

- 5. Program 3: Omgewings- en Grondbeplanning**
- 5.1 Gespesifiseerde beleid, prioriteite en strategiese doelstellings
- 5.2 Vorderingsontleding
- 5.3 Ontleding van beperkings, met beplande maatreëls om dit te bowe te kom
- 5.4 Beskrywing van beplande gehalteverbeteringsmaatreëls
- 5.5 Subprogram: Ruimtelike Beplanning
 - 5.5.1 Spesifisering van meetbare doelstellings en prestasieaanwysers
- 5.6 Subprogram: Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad
 - 5.6.1 Spesifisering van meetbare doelstellings en prestasieaanwysers
- 5.7 Subprogram: Besoedelings- en Afvalbestuur
 - 5.7.1 Spesifisering van meetbare doelstellings en prestasieaanwysers
- 5.8 Subprogram: Strategiese Omgewingsbestuur
 - 5.8.1 Spesifisering van meetbare doelstellings en prestasieaanwysers
- 5.9 Rekonsiliasie van begroting met plan

- 6. Implementering van die kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan**

- 7. Mediumtermyn-inkomste**
- 7.1 Opsomming van inkomste:
- 7.2 Departementele invordering van inkomste
- 7.3 Voorwaardelike toekennings
- 7.4 Skenkersbefondsing

- 8. Koördinerings-, samewerkings- en uitbestedingsplanne**
- 8.1 Interdepartementele verwantskappe
- 8.2 Plaaslikeregering-verwantskappe
- 8.3 Openbare entiteite

- 9. Finansiële Bestuur**
- 9.1 Strategieë om met ouditnavrae te handel
- 9.2 Implementering van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB)

Deel C: Ontleding van veranderinge aan programme

Deel D: Agtergrondinligting

Deel A: Oorsig en bywerkings van strategiese plan

1. Oorsig

Die Jaarlikse Prestasieplan vir 2007/08 vloei voort uit die gewysigde Vyfjaar- Strategiese en Prestasieplan vir 2005-2009.

Die 2006/07- finansiële jaar het uitdagings aan die Departement gestel. Hierdie uitdagings, hoewel nie totaal onvoorsien nie, het 'n beduidende impak op die Provinsie gehad na gelang klimaatsverandering, wegholbrande, waterbeperkings en die energiekrisis chaos in die ekonomie en op maatskaplike vlak veroorsaak het. Die Departement het egter groot passie gereageer, wat 'n aantal eerstes vir die Provinsie tot gevolg gehad het, en in sommige gevalle, vir die land. Die 2006/07- finansiële jaar het die finalisering van sommige van hierdie nuwe en innoverende gesien, terwyl die 2007/08- finansiële jaar 'n jaar is wat vir konsolidasie geormerk is. Volhoubare ontwikkeling en die sinkronisering van ekonomiese, omgewings- en maatskaplike aspekte sal in die konsolidering van die onderskeie inisiatiewe verfynd word. 'n Voortgesette fokus, met meer intensiewe praktiese fokus op implementering en verbeterde dienslewering, sal die volgende tot gevolg hê:

- Uitrol van die Implementeringsplan vir Volhoubare Ontwikkeling vir die Provinsie.
- Die in ooreenstemming bring van munisipale Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne en Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerke met die Wes-Kaapse Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk.
- Uitbreiding van die Komponent vir Regstoepassing en Voldoeningsmonitering ten einde te voldoen aan regulerende verpligtinge wat met die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur verband hou.
- Finalisering van die Geïntegreerde Wets hervorming-projek wat fokus op omgewings-, ruimtelike beplannings- en erfenisaangeleenthede.
- Implementering van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Lugkwaliteit en die Wet op Bestuur van Gesondheidsorgafval en die hersiening van die implementering van Artikel 30 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur.
- Verbeterde afvalbestuur met die fokus op monitering van opvullingsterreine en die uitreiking van permitte daarvoor.
- Ondersteuning en monitering van die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad.
- Implementering van die Wes-Kaapse provinsiale responsstrategie en aksieplan vir klimaatsverandering.
- Verstewiging van die Omgewings- en Hersikleringseconomie deur programme vir bewusmaking en bemagtiging.
- Uitrol van die Geïntegreerde Energiestrategie vir die Wes-Kaap.
- Implementering van omgewings- en grondgebruikbestuur-projekte.
- Verbeterde interne en eksterne kommunikasie en bemarking.
- Verstewiging van die komponent Finansies en Administrasie van die Departement.

Die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning is 'n belangrike rolspeler binne die provinsiale administrasie, en selfs meer nog in die oorkoepelende groei en ontwikkeling van die Provinsie. Dit is toe te skryf aan die Departement se bestuur van die nege iKapa Elihlumayo-strategieë, d.w.s. die eerste- en tweedegenerasie-basisstrategieë, met spesifieke verwysing na die Departement se leierskapsrol in die ontwikkeling van: die Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, die Geïntegreerde Wetsvorming-projek en die Implementeringsplan vir Volhoubare Ontwikkeling.

Hierdie beleidsingrepe, tesame met die gepaardgaande omgewingsuitdagings, soos water, energie, klimaatsverandering, afval en besoedeling, biodiversiteit en ekologiese probleemgebiede, het kennisbasse uitgemaak vir die Provinsiale Groei- en Ontwikkelingstrategie (groenskrif).

Deur hul Werk aan Brand, Werk vir Water, Werk vir Vleilande en lewensbestaansprojekte het die openbare entiteit, die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad, verder tot die Program vir Uitgebreide Openbare Werke bygedra deur spesifiek vroue en die jeug in diens te neem.

Hierdie wisselwerkings is in ooreenstemming met die Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief van Suid-Afrika ("ASGISA") en die Nasionale Ruimtelike Ontwikkelingsperspektief, en die Departement word in die gesig gestaar deur die uitdaging om te verseker dat munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerke in ooreenstemming is, met die Wes-Kaapse Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk.

2. Ontleding van bywerking van strategiese plan

In 'n oorsig van die Vyfjaar- Strategiese en Prestasieplan 2005-2009 is die doelwitte en doelstellings wat hieronder gelys word, goedgekeur.

Die Departement sal op die volgende oorkoepelende strategiese doelwitte fokus:

1. Die inbed van volhoubare ontwikkeling in die groei en ontwikkeling van die Wes-Kaap.
2. Verskaffing van voorpunt-leierskap en innoverende benaderings tot omgewingsbestuur en geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning.
3. Verbetering van die lewensgehalte van al ons mense deur fasilitering van lewenskragtige, geïntegreerde en volhoubare menslike nedersettings.
4. Versnelling van ekonomiese groei, en deelname aan en toegang tot, die omgewingseconomie.

Hierdie strategiese doelwitte sal deur die volgende ses strategiese doelstellings ondersteun word:

1. Die hoofstroming van die paradigma van volhoubare ontwikkeling in omgewingsbeplanning en -bestuur.
2. Die ontwikkeling van stelsels, prosesse en maatreëls om dienslewering te ondersteun.
3. Bevordering van omgewingsintegriteit en die progressiewe verwesenliking van omgewingsregte.
4. Die onderneem van ruimtelike beplanning wat volhoubare ontwikkeling in die Provinsie bevorder en lei en ruimtelike ongelykhede regstel.
5. Voorsiening van geïntegreerde en holistiese omgewingsbestuur ter verbetering van die lewensgehalte van alle mense in die Wes-Kaap.
6. Ontwikkeling van ingrypingstrategieë om billike toegang tot en deelname aan die omgewingseconomie in die hand te werk.

Deel B: Prestasieteikens van programme en subprogramme

3. PROGRAM 1: ADMINISTRASIE

Die doel van hierdie program is oorkoepelende bestuur van die Departement en die lewering van 'n korporatiewe ondersteuningsdiens.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

- Kantoor van die Provinsiale Minister van Omgewingsake, Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling.
- Bestuurs- en ondersteuningsdienste.

3.1 Gespesifiseerde beleid, prioriteite en strategiese doelstellings

Strategiese Doelwit 2:

Verskaffing van voorpunt-leierskap en innoverende benaderings tot omgewingsbestuur en geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning.

Strategiese Doelstelling 2:

Die ontwikkeling van stelsels, prosesse en maatreëls om dienslewering te ondersteun.

Sleutel- Meetbare Doelstelling:

- Beleid, prosesse en stelsels om 'n instaatstellende omgewing van korporatiewe diens te verseker.

3.2 Vorderingsontleding

Vordering met Strategiese Doelstelling 2

Die ontwikkeling van stelsels, prosesse en maatreëls om dienslewering te ondersteun.

- Kwartaalike prestasiestelsel oor nie-finansiële inligting geïmplementeer.
- Inligtings- en Kommunikasietegnologieplan (IKT-plan) gefinaliseer.
- Bateregister in ooreenstemming met Batebestuursraamwerk bygewerk.
- Struktuur van risikobestuurskomponent gefinaliseer.
- Begin met stappe om diensstandaarde vir lynkomponente tot stand te bring.
- Kapasiteitsbouprogramme oor Korporatiewe Dienste vir lynfunksionariesse aangebied.

- Interne verstewiging van Korporatiewe Dienste (Mensehulpbronbestuur en -Ontwikkeling, Kommunikasie, Verskaffingsketteringbestuur en Gedeelde Logistiekdienste) is hanteer.
- Mensehulpbron-ontwikkelingstrategie gefinaliseer.
- Mensehulpbronbeleid ontwikkel – Beleid oor Voltydse Beurse, Beleid oor Werksure en Griewebeleid.
- Implementering van Nasionale Beleidsinisiatiewe – die Mediese Skema vir Staatsamptenare (MSSA), Beleid en Prosedure oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede Vanweë Swak Gesondheid (BPOVAVSG), Behuisingsstoelae, en Middelbestuursdiens (MBD).
- Kommunikasie-en-bemarkingstrategie en -beleid opgestel.
- Werknemerswelstandprogram tot stand gebring.

Spesiale maatreëls wat geïmplementeer moet word om te verseker dat gespesifiseerde strategiese doelstellings behaal word

- Verfyn die departementele institusionele struktuur.
- Stuur 'n Departementele Leierskapsontwikkelingsinisiatief van stapel.
- Konsolideer navorsing en bou interne korporatiewe dienslewering.

3.3 Ontleding van beperkings, met beplande maatreëls om dit te bowe te kom

Interne beperkings:

Besigheidsteundienste

- Departementele Institusionele Struktuur het verfyning nodig.
- Bemarkingskommunikasiesteun bestaan nie.
- Departementele Kommunikasie-en-bemarkingstrategie en -beleid moet gefinaliseer word.

Ondersteuningsdienste vir Mensekapitaalbestuur

- Ondersteuningsdienstekomponent vir Werknemerswelstand nog nie tot stand gebring nie.
- Geen Departementele Leierskapsontwikkelingsprogram nie.
- Kapasiteitsbou-werkswinkels.

Besigheidsuitnemendheid

- Infrastruktuur-/Fasiliteitebestuur-beperkings.
- Menslikekapitaalbestuur-beperkings.

Eksterne beperkings:

- Gebrek aan toereikende dwarsliggende ondersteuningstelsels op nasionale vlak.

- Ontoereikende voorsiening van kantoorakkommodasie.
- Begrotingsbeperkings.

Kliëntverwante beperkings:

- Nie-voldoening deur kliënt aan beleid/voorskrifte.
- Nie-voldoening aan tydsraamwerke deur kliënt, wat krisisbestuurspraktyke veroorsaak.
- Rolduidelikeidskwessies nie behoorlik begryp nie (lynbestuur is voorstanders van inhoud).

Maatreëls om die volgende te bowe te kom:

Interne beperkings:

Besigheidsteundienste

- Verfyn die departementele institusionele struktuur.
- Bring 'n Bemerkingskommunikasie-ondersteuningsfunksie tot stand.
- Finaliseer die departementele Kommunikasie-en-bemarkingstrategie en -beleid.

Ondersteuningsdienste vir Mensekapitaalbestuur

- Instelling van 'n Ondersteuningsdiensfunksie vir Werknemerwelstand.
- Stuur 'n Departemente Leierskapsontwikkelingsinisiatief van stapel.
- Hou kapasiteitsbou-werkswinkels met betrekking tot talentbestuur (bevoegdheidsbestuur).

Besigheidsuitnemendheid

- Ontwikkel interne kapasiteit vir Infrastruktuur-/Fasiliteitebestuur.
- Ontwikkel interne kapasiteit vir Mensekapitaalbestuur.

Eksterne beperkings:

- Verskaf inset soos deur nasionale departemente vereis – bou interne kapasiteit.
- Verfyn departementele Organisasiestruktuur en werk akkommodasieplan by.
- Stel besigheidsargument vir vereiste akkommodasie op.
- Ontwikkel toepaslike besigheidargument vir bykomende fondse.
- Herprioritiseer hulpbronne.

Kliëntverwante beperkings:

- Implementeer bewusmakings- en kapasiteitsbouprogramme.
- Verseker toepaslike Diensvlakooorenkoms, indien van toepassing.

3.4 Beskrywing van beplande gehalteverbeteringsmaatreëls

Beplande gehalteverbeteringsmaatreëls vir die program sluit die volgende in:

- Ontwikkeling en hersiening van Mensekapitaalbestuur (MKB), finansiële en kommunikasiebeleid, -prosesse en -stelsels in oorleg met personeel.
- Ontwikkeling van 'n finansiële handleiding.
- Finalisering van 'n Kommunikasie-en-bemarkingstrategie en -beleid.
- Stroomlyning/versnelling van werwingsproses vir transformasie en kritieke poste.
- Handeling met tekortkominge in prestasiebestuur.
- Bywerking van akkommodasieplan.
- Implementering van Mensehulpbronontwikkeling-strategie (MHO-strategie).
- Verfyning van die personeelprestasiebestuurstelsel ten einde eenvormigheid te verseker.
- Versnelling van die beskikbaarstelling van kantoorakkommodasie vir die Departement.
- Implementering van verbeterings aan die registrasiestelsel.

3.5 Program 1: Administrasie
3.5.1 Spesifisering van meetbare doelstellings en prestasieaanwysers

Die doelstellings handel spesifiek oor konsolidasie, kapasiteitsbou en implementering.

Tabel 1: Strategiese Doelstellings, Meetbare Doelstellings, Prestasiemaatstafaanwysers en Teikens

Program 1: Administrasie	Strategiese Doelwit 2		Verskaffing van voorpunt-leierskap en innoverende benaderings tot omgewingsbestuur en geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning.				
	Strategiese Doelstelling 2		Die ontwikkeling van stelsels, prosesse en maatreëls om dienslewering te ondersteun.				
	Sleutel- Meetbare Doelstelling		Om beleid, prosesse en stelsels te vestig om 'n instaatstellende omgewing van korporatiewe diens te verseker.				
Doelstelling	Prestasiemaat -stafaanwyser	Werklik 2004/05	Werklik 2005/06	Basisjaar 2006/07 (uitkomsraming)	2007/08- begroting	2008/09 (Teiken)	2009/10 (Teiken)
Om deeglike Besigheidsproses- ondersteunings- dienste te lewer.	Vlak van Ouditeurs- verslag. Finansiële Bestuursvlak.	Ongekwalfiseer. Nie gegradeer nie.	Ongekwalfiseer. Vlak 3.	Ongekwalfiseer. Vlak 3.	Ongekwalfiseerde Ouditeursverslag Finansiële Bestuursvlak 4.	Ongekwalfi- seerde Ouditeursverslag. Finansiële Bestuursvlak 4.	Ongekwalfi- seerde Ouditeurs- verslag. Finansiële Bestuursvlak 4.
					April – Junie Handel met ouditnavrae.		
					Julie – September Handel met ouditnavrae. Implementeer die aanbevelings van die bestuursbrief. Lê jaarverslag te tafel.		
					Oktober – Desember Implementeer die aanbevelings van die bestuursbrief.		
					Januarie – Maart Implementeer die aanbevelings van die bestuursbrief.		

Doelstelling	Prestasiemaat -stafaanwyser	Werklik 2004/05	Werklik 2005/06	Basisjaar 2006/07 (uitkomsraming)	2007/08- begroting	2008/09 (Teiken)	2009/10 (Teiken)
	Bemarkings-vermoë ontwikkel (Funksionaliteitsgraad%).	Nie gegradeer nie.	Nie gegradeer nie.	Nie gegradeer nie.	Moet gegradeer word. April – Junie Voer graderingsopname uit. Finaliseer die bemarkingstrategie. Julie – September Implementeer die bemarkingstrategie. Oktober – Desember Implementeer die bemarkingstrategie. Januarie – Maart Voer die graderingsopname uit.	60%	75%
Om deeglike Hulpbronbestuur- ondersteunings- dienste te lewer Finansiële Bestuur. Mensehulpbron- bestuur.	Kliënt- tevredenheids- graad. Werknemer- tevredenheids- graad (indeks %).	Nie gegradeer nie.	Nie gegradeer nie.	Nie gegradeer nie.	50% in stand gehou. April – Junie Voer graderingsopname uit. Julie – September Ontwikkel aksieplan om met die uitkomste van die opname te handel. Oktober – Desember Implementeer aksieplanne. Januarie – Maart Voer graderingsopname uit..	55%	60%
		Nie gegradeer nie.	Nie gegradeer nie.	40% Voer opname uit.	Moet gegradeer word. April – Junie Voer graderingsopname uit. Ontwikkel aksieplan om met die uitkomste van die opname te handel. Julie – September Implementeer aksieplan. Oktober – Desember Implementeer aksieplan. Januarie – Maart Voer opname uit.	50%	55%

Doelstelling	Prestasiemaat-stafaanwyser	Werklik 2004/05	Werklik 2005/06	Basisjaar 2006/07 (uitkomsraming)	2007/08- begroting	2008/09 (Teiken)	2009/10 (Teiken)
	Kliënt-tevredenheidsgraad.	Nie gegradeer nie.	Nie gegradeer nie.	Nie gegradeer nie.	Moet gegradeer word. April – Junie Voer graderingsopname uit. Ontwikkel aksieplan om met die uitkomste van die opname te handel. Julie – September Implementeer aksieplan. Oktober – Desember Implementeer aksieplan. Januarie – Maart Voer graderingsopname uit.	50%	51%
Gedeelde Logistiekdienste.	Kliënt-tevredenheidsgraad.	Nie gegradeer nie.	Nie gegradeer nie.	Nie gegradeer nie.	Moet gegradeer word. April – Junie Voer graderingsopname uit. Ontwikkel aksieplan om met die uitkomste van die opname te handel. Julie – September Implementeer aksieplan. Oktober – Desember Implementeer aksieplan. Januarie – Maart Implementeer aksieplan.	55%	60%

Doelstelling	Prestasiemaat -stafaanwyser	Werklik 2004/05	Werklik 2005/06	Basisjaar 2006/07 (uitkomsraming)	2007/08- begroting	2008/09 (Teiken)	2009/10 (Teiken)
Kommunikasie.	Kliënt- tevredenheids- graad.	Nie gegradeer nie.	Nie gegradeer nie.	Nie gegradeer nie.	Moet Gegradeer word.	45%	50%
					April – Junie Voer graderingsopname uit. Ontwikkel aksieplan om met die uitkomste van die opname te handel.		
					Julie – September Implementeer aksieplan.		
					Oktober – Desember Implementeer aksieplan.		
					Januarie – Maart Voer graderingsopname uit.		

3.6 Rekonsiliasie van begroting met plan

Ontleding van bestedingstendense

Besteding vir hierdie program het toegeneem vanaf R17,824 miljoen in 2004/05 tot R19,665 miljoen in 2005/06 en toe tot R21,755 miljoen in 2006/07. Hierdie stygings is hoofsaaklik die gevolg van stygings in vergoeding van werknemers en verbandhoudende bedryfskoste. Die styging vanaf R21,755 miljoen in 2006/07 tot R23,538 miljoen in 2007/08 is as gevolg van die uitbreiding van die komponent vir Mensehulpbronbestuur en Verskaffingskettingbestuur. Oor die tydperk van die Mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR) styg die begroting van R23,538 miljoen in 2007/08 tot R30,040 miljoen in 2009/10. Hierdie styging is toe te skryf aan die uitbreiding van die diensstaat van korporatiewe dienste.

Tabel 2: Program 1: Administrasie – Programbegroting (R000)

Subprogram	Jaar –2 2004/05 Werklik	Jaar -1 2005/06 Werklik	Basisjaar 2006/07- raming	Gemiddelde jaarlikse verandering (%) ¹	Jaar 1 2007/08- begroting	Jaar 2 2008/09 Teiken	Jaar 3 2009/10 Teiken	Gemiddelde jaarlikse verandering (%) ²
1. Provinsiale Minister van Omgewing, Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling	3 239	3 421	3 329	(1.04)	3 111	3 709	4 481	12.21
2. Bestuurs- en Ondersteuningsdienste	14 585	16 244	18 426	12.88	20 427	22 676	25 559	11.21
Totale program	17 824	19 665	21 755	10.48	23 538	26 385	30 040	11.36

1. Gemiddelde jaarlikse verandering tussen jaar –2 (2004/05) en die basisjaar (2006/07).

2. Geprojekteerde gemiddelde jaarlikse verandering die basisjaar (2006/07) en jaar 3 (2009/10).

4 PROGRAM 2: OMGEWINGS- EN GRONDBESTUUR

Die doel van die program is om 'n geïntegreerde grondgebruik-bestuursdiens ter ondersteuning van volhoubare ontwikkeling te voorsien wat die Wes-Kaap in staat stel om 'n "Tuiste vir almal" te wees.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

- Bestuur.
- Geïntegreerde Omgewingsbestuur.

4.1 Gespesifiseerde beleid, prioriteite en strategiese doelstellings

Die volgende departementele strategiese doelwitte, strategiese doelwitte, strategiese doelstellings en sleutel- meetbare doelstellings is op hierdie program van toepassing:

Strategiese Doelwit 1:

Die inbed van volhoubare ontwikkeling in die groei en ontwikkeling van die Wes-Kaap.

Strategiese Doelstelling 1:

Die hoofstroming van die paradigma van volhoubare ontwikkeling in omgewingsbeplanning en -bestuur.

Sleutel- Meetbare Doelstellings:

- Om deeglike grondgebruikbestuur-ondersteuningsdienste te lewer.

Strategiese Doelwit 2:

Verskaffing van voorpunt-leierskap en innoverende benaderings tot omgewingsbestuur en geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning.

Strategiese Doelstelling 2:

Die ontwikkeling van stelsels, prosesse en maatreëls om dienslewering te ondersteun.

Sleutel- Meetbare Doelstellings:

- Om deeglike prosesse vir monitering van die doeltreffendheid van grondgebruikbestuur te verseker.

Strategiese Doelwit 3:

Verbetering van die lewensgehalte van al ons mense deur fasilitering van lewenskragtige, geïntegreerde en volhoubare menslike nedersettings.

Strategiese Doelstelling 5:

Voorsiening van geïntegreerde en holistiese omgewingsbestuur ter verbetering van die lewensgehalte van alle mense in die Wes-Kaap.

Sleutel- Meetbare Doelstellings:

- Om deeglike grondgebruik-reguleringsdienste te verseker.

4.2 Vorderingsontleding

Vordering word volgens spesifieke strategiese doelstellings gekategoriseer.

Vordering met Strategiese Doelstelling 1:

Die hoofstroming van die paradigma van volhoubare ontwikkeling in omgewingsbeplanning en -bestuur.

- Die bou van kapasiteit is voortgesit, asook die voorsiening van advies aan munisipaliteite en ander belanghebbendes met betrekking tot omgewings- en grondgebruikbestuur.

Vordering met Strategiese Doelstelling 2:

Die ontwikkeling van stelsels, prosesse en maatreëls om dienslewering te ondersteun.

- 'n Stelsel is ontwikkel om die doeltreffendheid van grondgebruikbestuur te monitor.

Vordering met Strategiese Doelstelling 5:

Voorsiening van geïntegreerde en holistiese omgewingsbestuur ter verbetering van die lewensgehalte van alle mense in die Wes-Kaap.

- Aansoeke is verwerk wat ingevolge die herroepde Wet op Omgewingsbewing (WOB) en die Omgewingsimpakevaluering-regulasies (OIE-regulasies) ontvang is, volgens die implementeringstrategie.
- 80% van alle grondgebruikaansoeke wat ingevolge toepaslike wetgewing ontvang is, is afgehandel.
- Eerste konsep van Wetsontwerp op Omgewings- en Grondgebruikbestuur is voltooi.
- Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur en Omgewingsimpakevaluering-regulasies is geïmplementeer.
- Omgewings- en Beplanning-beleidsriglyne, -norme en -standaarde is hersien en in stand gehou.
- Die riglyne oor Veldvoertuie, Biodiversiteitverrekenings, Maatskaplike Impakevaluering en Beste Praktyke vir Akwakultuur is geïmplementeer.
- Aanvulling van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur en Omgewingsimpakevaluering-regulasies is gefinaliseer en geïmplementeer.
- Deelname aan en bydrae tot die Nasionale Omgewingswet-hervormingsproses is voortgesit.

Spesiale maatreëls wat geïmplementeer moet word om te verseker dat gespesifiseerde strategiese doelstellings behaal word

- Versekering van toereikende hulpbronne om by die werkslading te pas.
- Implementering van die departementele Mensehulpbron-implementeringsplan, met spesifieke klem op personeelbehoud en -werwing.
- Ontwikkeling van memorandum van verstandhouding (MNV's)/Diensvlakooreenkomste (DVO's) met belanghebbendes ten einde dienslewering te verbeter.
- Bevordering en versekering van samewerkende korporatiewe bestuur deur toepaslike instrumente.
- Versekering van doeltreffende en effektiewe kommunisering van nuwe wetgewing, beleid, riglyne, norme en standarde aan belanghebbendes.
- Bespoediging van die samestelling en finalisering van die nuwe geïntegreerde wet oor ruimtelike beplannings-, omgewings- en erfenisaangeleenthede.
- Finalisering van hangende Omgewingsimpakevaluering-aansoeke ingevolge die Wet op Omgewingsbewaring.
- Finalisering van hangende 24G-aansoeke ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, soos gewysig.

4.3 Ontleding van beperkings, met beplande maatreëls om dit te bowe te kom

Interne Beperkings

- Hoë personeelomset (spesifieke beroepsklasse) en die uitgerekte voorgeskrewe proses vir vulling van vakante poste.
- Mensehulpbronbestuurskapasiteit-beperkings.
- Ontoereikende Bestuursinligtingstelsels.
- Ontoereikende akkommodasie.

Eksterne Beperkings

- Ontoereikende kapasiteit binne munisipaliteite en ander belanghebbendes.
- Botsing tussen regeringsfere in vertolking van grondwetlike verpligtinge.
- Groeiende verantwoordelike en verpligtinge opgelê deur nuwe wetgewing sonder ooreenstemmende verhogings in befondsing en mensekapasiteit.
- Verhoging in gereeldheid en verskeidenheid van verslagdoeningsinisiatiewe deur ander belanghebbendes.
- Omslagtige wetgewende prosesse rakende grondgebruik.
- Ontoereikende samewerking en reaksie van ander departemente/belanghebbendes wat besluitneming vertraag.
- Negatiewe persepsies van omgewingswetgewing van die kant van belanghebbendes.

- Swak opgestelde aansoeke.
- Uitdagings ten opsigte van die implementering van die Wes-Kaapse Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (WKPROR).

Maatreëls om die volgende te bowe te kom:

Interne Beperkings

- Implementering van die Mensehulpbronstrategie en Implementeringsplan.
- Voortdurende bevordering van institusionele verfyning.
- Verbetering van die integrasie van bestuursinligtingstelsels.
- Ondersteun Korporatiewe Dienste se pogings om toepaslike akkommodasie te verkry en interne Korporatiewe Dienste-kapasiteit te vestig.

Eksterne Beperkings

- Voortdurende ontwerp en implementering van kapasiteitsbou-inisiatiewe.
- Verstewiging van interregeringsverhoudings deur bestaande meganismes en raamwerke.
- Uitklaring van die rolle en funksies van verskillende regeringsfere in wetshervormingsprosesse wat met ontwikkeling verband hou.
- Fasilitering van kapasiteitsvoorsiening en herprioritering van beplannings- en omgewingsuitdagings wat munisipaliteite in die gesig staar.
- Voorspraak vir verhoogde toewysing van hulpbronne vir nuwe wetshervormingsinisiatiewe.
- Stroomlyning van verslagdoeningsuitsette en -prosesse.
- Stroomlyning van prosesse deur geïntegreerde wetshervormingsinisiatiewe.
- Ontwikkeling van samewerkingsooreenkomste met sleutelbelanghebbendes en sluiting van diensvlakooreenkomste gegrond op duidelik omskrewe uitsette.

4.4 Beskrywing van beplande gehalteverbeteringsmaatreëls

- Stroomlyning van die besluitnemingsproses in verband met aansoeke.
- Bou van interne kapasiteit ten opsigte van kennis en vaardighede.
- Instandhouding van eweknie-oorsigmeganisme.
- Verbetering van interne en eksterne kommunikasie en bemarkingsinisiatiewe.
- Bou van eksterne kapasiteit ten opsigte van wetgewende vereistes.
- Advisering oor die verbetering van die Nasionale Omgewingsmagtigingstelsel (NOMS).
- Ondersteun Korporatiewe Dienste se kapasiteitsinisiatiewe ten opsigte van personeelbehoud, werwing, bestuursinligtingstelsels, akkommodasie, algemene korporatiewedienste-kapasiteit en inligtingstelsels.

4.5 Subprogram 2: Omgewings- en Grondbestuur

4.5.1 Spesifisering van meetbare doelstellings en prestasieaanwysers

Die doelstellings handel spesifiek oor konsolidasie, kapasiteitsbou en implementering.

Tabel 3: Strategiese Doelstellings, Meetbare Doelstellings, Prestasiemaatstafaanwysers en Teikens

Program 2: Omgewings- en Grondbestuur	Strategiese Doelwit 1		Die inbed van volhoubare ontwikkeling in die groei en ontwikkeling van die Wes-Kaap.				
	Strategiese Doelstelling 1		Die hoofstroming van die paradigma van volhoubare ontwikkeling in omgewingsbeplanning en -bestuur.				
	Sleutel- Meetbare Doelstelling		Om deeglike ondersteuningsdienste vir grondgebruikbestuur te lewer.				
Doelstelling	Prestasiemaat- stafaanwyser	Werklik 2004/05	Werklik 2005/06	Basisjaar 2006/07 (Uitkomsraming)	2007/08- begroting	2008/09 (Teiken)	2009/10 (Teiken)
Om deeglike kapasiteitsbou-dienste te lewer.	Kapasiteitsbou-werkswinkels gehou vergeleke met beplandes (%).	Nie van toepassing.	300% (Drie werkswinkels beplan, nege aangebied.)	100% (Ses beplan, ses aangebied.)	Beplan en bied ses kapasiteitsbouwerkswinkels aan (100%).	100%	100%
					April – Junie Bied een kapasiteitsbou-werkswinkel aan. Julie – September Bied twee kapasiteitsbou-werkswinkels aan. Oktober – Desember Bied twee kapasiteitsbou-werkswinkels aan. Januarie – Maart Bied een kapasiteitsbou-werkswinkel aan.		
	Gemiddelde getal deelnemers per kapasiteitsbou-werkswinkel.	Nie van toepassing.	Nie getel nie.	Gemiddeld 50 deelnemers.	Gemiddeld 50 deelnemers per kapasiteitsbou-werkswinkel.	Gemiddeld 50 deelnemers per kapasiteitsbou-werkswinkel.	Gemiddeld 50 deelnemers per kapasiteitsbou-werkswinkel.
					April – Junie Vyftig deelnemers per werkswinkel. Julie – September Vyftig deelnemers per werkswinkel. Oktober – Desember Vyftig deelnemers per werkswinkel.		

					Januarie – Maart Vyftig deelnemers per werkwinkel.		
--	--	--	--	--	--	--	--

Program 2: Omgewings- en Grondbestuur	Strategiese Doelwit 2		Verskaffing van voerpunt-leierskap en innoverende benaderings tot omgewingsbestuur en geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning.				
	Strategiese Doelstelling 2		Die ontwikkeling van stelsels, prosesse en maatreëls om dienslewering te ondersteun.				
	Sleutel- Meetbare Doelstelling		Om deeglike prosesse vir monitering van die doeltreffendheid van grondgebruikbestuur te verseker.				
Doelstelling	Prestasie- maatstaf- aanwyser	Werklik 2004/05	Werklik 2005/06	Basisjaar 2006/07 (Uitkomsraming)	2007/08- begroting	2008/09 (Teiken)	2009/10 (Teiken)
Om deeglike adviesdienste vir grondgebruikbestuur te lewer.	Grondgebruik-aansoeke aanvaar met eerste indiening vergeleke met totale aansoeke ontvang (%).	Nie gemeet nie.	99% (beplannings-aansoeke).	95% (beplannings- en omgewings-aansoeke).	Moniteer die gehalte van aansoeke en aanvaar 95% van aansoeke met eerste indiening.	95% (beplannings- en omgewings-aansoeke).	95% (beplannings- en omgewings-aansoeke).
					April – Junie Moniteer die gehalte van aansoeke en aanvaar 95% van aansoeke met eerste indiening.		
					Julie – September Moniteer die gehalte van aansoeke en aanvaar 95% van aansoeke met eerste indiening.		
					Oktober – Desember Moniteer die gehalte van aansoeke en aanvaar 95% van aansoeke met eerste indiening.		
					Januarie – Maart Moniteer die gehalte van aansoeke en aanvaar 95% van aansoeke met eerste indiening.		

	Inset gelewer vergeleke met dit wat deur eksterne belanghebben des versoek is (%).	95%	95%	95%	Lewer inset soos versoek deur regulerende owerhede en ander eksterne belanghebbendes, soos vereis.	95%	95%
					April – Junie Lewer inset soos versoek deur regulerende owerhede en ander eksterne belanghebbendes, soos vereis.		
					Julie – September Lewer inset soos versoek deur regulerende owerhede en ander eksterne belanghebbendes, soos vereis.		
					Oktober – Desember Lewer inset soos versoek deur regulerende owerhede en ander eksterne belanghebbendes, soos vereis.		
					Januarie – Maart Lewer inset soos versoek deur regulerende owerhede en ander eksterne belanghebbendes, soos vereis.		

Program 2: Omgewings- en Grondbestuur	Strategiese Doelwit 2		Verskaffing van voerpunt-leierskap en innoverende benaderings tot omgewingsbestuur en geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning.				
	Strategiese Doelwit 3		Verbetering van die lewensgehalte van al ons mense deur fasilitering van lewenskragtige, geïntegreerde en volhoubare menslike nedersettings.				
	Strategiese Doelstelling 5		Voorsiening van geïntegreerde en holistiese omgewingsbestuur ter verbetering van die lewensgehalte van alle mense in die Wes-Kaap.				
	Sleutel- Meetbare Doelstelling		Om deeglike grondgebruik-reguleringsdienste te verseker.				
Doelstelling	Prestasiemaat -stafaanwyser	Werklik 2004/05	Werklik 2005/06	Basisjaar 2006/07 (Uitkomsraming)	2007/08- begroting	2008/09 (Teiken)	2009/10 (Teiken)
Om 'n deeglike regulerende raamwerk te verseker.	Nuwe regulerende raamwerk-instrumente ontwikkel, vergeleke met beplandes (%).	100%	93%	100%	Ontwikkel ses nuwe regulerende raamwerk-instrumente. April – Junie Inisieer die opstel van die norme en standaarde vir <ul style="list-style-type: none"> • Paaie, • Behuising, • Munisipale dienste, • Selfoonmaste, • Maatskaplike opheffingsprojekte. Julie – September Sit ontwikkeling voort. Inisieer 'n loods-omgewingsbestuursraamwerk (OBR). Oktober – Desember Sit ontwikkeling voort. Gaan voort met die loods-omgewingsbestuursraamwerk.	100%	100%

					<p>Januarie – Maart Finaliseer en implementeer die norme en standaarde wat opgestel is.</p> <p>Finaliseer die loods-omgewingsbestuursraamwerk.</p>		
--	--	--	--	--	---	--	--

Doelstelling	Prestasiemaat-stafaanwyser	Werklik 2004/05	Werklik 2005/06	Basisjaar 2006/07 (Uitkomsraming)	2007/08- begroting	2008/09 (Teiken)	2009/10 (Teiken)
	Bestaande beleidsriglyne hersien vergeleke met beplandes (%).	100%	100%	100%	<p>Hersien een regulerende riglyndokument en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (WNOB) se Omgewingsimpak-evaluering-riglynreeks.</p> <p>April – Junie Inisieer die hersiening van die riglyndokument oor oorde.</p> <p>Inisieer 'n hersiening van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur se Omgewingsimpakevaluering-riglynreeks.</p> <p>Julie – September Sit die hersiening voort van die riglyndokument oor oorde.</p> <p>Finaliseer die hersiening van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur se Omgewingsimpakevaluering-riglynreeks.</p> <p>Oktober – Desember Sit die hersiening voort van die riglyndokument oor oorde.</p> <p>Januarie – Maart Finaliseer die hersiene riglyndokument oor oorde.</p>	100%	100%

Doelstelling	Prestasiemaat -stafaanwyser	Werklik 2004/05	Werklik 2005/06	Basisjaar 2006/07 (Uitkomsraming)	2007/08- begroting	2008/09 (Teiken)	2009/10 (Teiken)
	Geïntegreerde Provinsiale Wet ontwikkel.	40%	45%	55%	Wetsontwerp en regulasies goedgekeur.	100% implementering van die Wet.	100%-monitering van die doeltreffendheid van die Wet.
					April – Junie Finaliseer die finale konsep.		
					Julie – September Wetsontwerp is departementeel geadverteer.		
					Oktober – Desember Goedkeuring van die Wetsontwerp deur die Vaste Komitee. Inisieer die opstel van regulasies.		
					Januarie – Maart Goedkeuring van die Wetsontwerp deur die Wetgewer. Goedkeuring van regulasies.		

Doelstelling	Prestasiemaat -stafaanwyser	Werklik 2004/05	Werklik 2005/06	Basisjaar 2006/07 (Uitkomsraming)	2007/08- begroting	2008/09 (Teiken)	2009/10 (Teiken)
	Insetdeelname versoek vergeleke met dit wat gelewer is (%).	95%	95%	95%	<p>Lewer inset in / deelname aan ontwikkeling van provinsiale en nasionale regulerende raamwerk en wysigings wanneer vereis.</p> <p>April – Junie Lewer inset in / deelname aan ontwikkeling van provinsiale en nasionale regulerende raamwerk en wysigings wanneer vereis.</p> <p>Julie – September Lewer inset in / deelname aan ontwikkeling van provinsiale en nasionale regulerende raamwerk en wysigings wanneer vereis.</p> <p>Oktober – Desember Lewer inset in / deelname aan ontwikkeling van provinsiale en nasionale regulerende raamwerk en wysigings wanneer vereis.</p> <p>Januarie – Maart Lewer inset in / deelname aan ontwikkeling van provinsiale en nasionale regulerende raamwerk en wysigings wanneer vereis.</p>	95%	95%

Doelstelling	Prestasiemaat -stafaanwyser	Werklik 2004/05	Werklik 2005/06	Basisjaar 2006/07 (Uitkomsraming)	2007/08- begroting	2008/09 (Teiken)	2009/10 (Teiken)
Om deeglike reguleringsbeheer te verseker (Beplanning en Omgewing).	Aansoeke verwerk vergeleke met ontvang (%).	90%	95%	90%	90% verwerk.	90%	90%
					April – Junie Verwerk aansoeke.		
					Julie – September Verwerk aansoeke.		
					Oktober – Desember Verwerk aansoeke.		
	Januarie – Maart Verwerk aansoeke.						
	Voldoenings- monitering van magtigings (n).	49	161	120	Moniteer 160 magtigings.	160	160
					April – Junie Moniteer 40 magtigings.		
					Julie – September Moniteer 40 magtigings.		
Oktober – Desember Moniteer 40 magtigings.							
Januarie – Maart Moniteer 40 magtigings.							

4.6 Rekonsiliasie van begroting met plan

Ontleding van bestedingstendense

Besteding het van R21,783 miljoen in 2004/05 tot R26,286 miljoen in 2005/06 toegeneem en het in 2006/07 tot R24,627 miljoen afgeneem. Die styging bo die vorige jare is hoofsaaklik die gevolg van die herstrukturering van die departement, waarin vergoeding van werknemers, bedryfskoste en uitgawes wat met nuwe projekte verband hou die belangrikste kostedrywers was. Die 2006/07-bedryfsuitgawes het afgeneem as gevolg daarvan dat die meeste nuwe projekte gedurende 2005/06 gefinaliseer is. Oor die MTBR-tydperk neem die uitgawes van R28,033 miljoen in 2007/08 tot R31,205 miljoen in 2009/10 toe. Hierdie styging is hoofsaaklik inflasiegedrewe en maak ook voorsiening vir die voltooiing en implementering van projekte.

Tabel 4: Program 2: Omgewings- en Grondbestuur – Programbegroting (R000)

Subprogram	Jaar -2 2004/05 Werklik	Jaar -1 2005/06 Werklik	Basisjaar 2006/07- raming	Gemiddelde jaarlikse verandering (%) ¹	Jaar 1 2007/08- begroting	Jaar 2 2008/09 Teiken	Jaar 3 2009/10 Teiken	Gemiddelde jaarlikse verandering (%) ²
1. Bestuur	1 677	2 148	1 254	(13.53)	2 499	1 671	2 002	16.88
2. Geïntegreerde Omgewingsbestuur	20 106	24 138	23 373	7.82	25 534	27 413	29 203	7.71
Totale program	21 783	26 286	24 627	6.33	28 033	29 084	31 205	8.21

1. Gemiddelde jaarlikse verandering tussen jaar –2 (2004/05) en die basisjaar (2006/07).

2. Geprojekteerde gemiddelde jaarlikse verandering die basisjaar (2006/07) en jaar 3 (2009/2010).

5 PROGRAM 3: OMGEWINGS- EN GRONDBEPLANNING

Die doel van die program is om volhoubare ontwikkeling deur grondbeplanning, geïntegreerde besoedelings- en afvalbestuur en strategiese omgewingsbestuur te verseker.

Die program is goed in ooreenstemming met die beginsels, doelwitte en doelstellings van die Provinsiale Kabinet en nasionale imperatiewe.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

- Bestuur.
- Ruimtelike Beplanning.
- Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad.
- Besoedelings- en Afvalbestuur.
- Strategiese Omgewingsbestuur.

5.1 Gespesifiseerde beleid, prioriteite en strategiese doelstellings

Die doelstellings en prioriteite van die Program hou by en onderskryf provinsiale en nasionale beleid en riglyne, en spesifiek die Wes-Kaapse Regering se Provinsiale Groei- en Ontwikkelingstrategie (PGOS), ondersteun deur die iKapa Elihlumayo-strategie, wat die Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief vir Suid-Afrika ("ASGISA") en die Nasionale Ruimtelike Ontwikkelingsperspektief-inisiatiewe (NROP-inisiatiewe) ondersteun.

Strategiese Doelwit 1:

Die inbed van volhoubare ontwikkeling in die groei en ontwikkeling van die Wes-Kaap.

Strategiese Doelstelling 1:

Die hoofstroming van die paradigma van volhoubare ontwikkeling in omgewingsbeplanning en -bestuur.

Sleutel- Meetbare Doelstellings:

- Om strategiese besluitneming en ingryping te ondersteun ten einde beplannings- en omgewingsbestuur te verbeter.
- Om moniteringsmaatreëls, -beleid en -programme vir omgewingsbeskerming te implementeer.

Strategiese Doelwit 2:

Verskaffing van voorpunt-leierskap en innoverende benaderings tot omgewingsbestuur en geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning.

Strategiese Doelstellings 2 en 3:

Die ontwikkeling van stelsels, prosesse en maatreëls om dienslewering te ondersteun.
Bevordering van omgewingsintegriteit en die progressiewe verwesenliking van omgewingsregte.

Sleutel- Meetbare Doelstellings:

- Om strategiese besluitneming en ingrypings te ondersteun ten einde beplannings- en omgewingsbestuur te verbeter.
- Om moniteringsmaatreëls, -beleid en -programme vir omgewingsbeskerming te implementeer.

Strategiese Doelwit 3:

Verbetering van die lewensgehalte van al ons mense deur fasilitering van lewenskragtige, geïntegreerde en volhoubare menslike nedersettings.

Strategiese Doelstellings 4 en 5:

Die onderneem van ruimtelike beplanning wat volhoubare ontwikkeling in die Provinsie bevorder en lei en ruimtelike ongelykhede regstel.

Voorsiening van geïntegreerde en holistiese omgewingsbestuur ter verbetering van die lewensgehalte van alle mense in die Wes-Kaap.

Sleutel- Meetbare Doelstellings:

- Om maatreëls vir ruimtelike ontwikkeling te ontwikkel en te implementeer ten einde volhoubare ontwikkeling te bevorder.
- Om programme gerig op skoon, gesonde en verbeterde menslike nedersettings te ontwikkel.

Strategiese Doelwit 4:

Versnelling van ekonomiese groei, en deelname aan en toegang tot, die omgewingseconomie.

Strategiese Doelstelling 6:

Ontwikkeling van ingrypingstrategieë om billike toegang tot en deelname aan die omgewingseconomie in die hand te werk.

